

KOM ONS BID SAAM

JULIE 2014

23 Julie – Wo

Blokbyeenkoms – Blok 1.

Stephan en Carina v d Watt se missie is "om gedurig deur God se liefde, tussen die mense van Shikoku, dissipels vir Jesus te wees." *Ons bid vir ryke seën op hulle werk en dat U hulle en hulle dierbares sal omarm met U liefde en genade.*

24 Julie – Do

Ons bid vandag weer vir Rustenburg en omstreke. Lidmate word gevra om te bid vir 'n hartsverandering by leiers, want agter die staking by die myne, is daar eintlik 'n magstryd wat opgelos moet word. Dankie vir U kinders wat U "omgee-liefde" hier uitleef.

25 Julie – Vr

Vandag bid ons vir al ons seniors, siekes, gestremdes en eensames.

26 Julie – Sa

Bid vir versorgers – dokters, verpleegsters en paramediese personeel.

27 Julie – So

Ramadan: Eid al-Fitr is die laaste dag van Ramadan. Hul deel almoese uit voor hul die spesiale gebede opsê. Hulle glo Jesus is uit 'n maagd gebore, het wonderwerke gedoen, het mense uit die dood opgewek en het opgevaar, maar die kern van ons geloof, die **kruisiging** glo hulle nie, en daarom glo hulle nie aan **genade** nie, maar aan verdienste. Hulle aanvaar nie die grootste geskenk van alle tye nie, en daarom bly hulle verlore.

28 Julie – Ma

Here, vandag dank ons U opnuut vir elke gebedsgeleentheid wat deur ons gemeente aangebied word. Ons bid dat U Gees lidmate sal inspireer om saam te bid, nie net vir herlewing in ons gemeente nie, maar ook wêreldwyd, ander gemeente aktiwiteite, evangelisasie en so baie ander sake. Dankie vir elkeen wat ook tuis saam bid.

29 Julie – Di

Gebedsbediening- en Diensverhoudingebedieningvergaderings. Bid vir die Kerkraad en Kommissies dat hulle bewus sal wees van die leiding van die Gees.

30 Julie – Wo

Blokbyeenkomste - Blok 2 en 13. Ons bid vir Groenkloof – vir elke inwoner, versorger en administrasiepersoneel.

31 Julie – Do

Ons dank U vir #Imagine jeugfeeste en jongmense wat getuig dat dit lewensveranderend was. Ons dank U vir elke jongmens wat nie skaam is om U Naam te bely nie – seën hulle ryklik en bewaar hulle van struikeling en gevaar. Organiseerdes is gemotiveer om verdere momentum aan die beweging te gee. Opvolgfeeste vir vanjaar en 2015 word beplan.

1 Julie - Di

Here Jesus, baie dankie dat U ons gebede verhoor het en dat die verlamme staking in die platinumbedryf tot 'n einde gekom het. Ons bid dat U ware vrede in elke betrokke se hart sal bring en dat elkeen in billikheid sy verantwoordelikheid sal nakom.

2 Julie – Wo

In hierdie maand is die Moslems besig om Ramadaan te vier. Laat ons volhardend bid vir hul redding. Ons bid vir sendelinge wat in hierdie harde arbeidsveld besig is om Jesus se liefde aan die Moslems te vertoon. Help vir elke Christen wat 'n Moslem as vriend of kennis het, om blymoedige Christenskap uit te leef.

3 Julie – Do

Baie dankie Here Jesus vir leerders en onderwysers wat nou kan vakansie hou. Ons vra dat almal heerlijk sal uitrus om ook die nuwe kwartaal met ywer en entoesiasme te werk.

4 Julie – Vr

Vader U is die Skepper van die heelaal, U hou die wêreld in die holte van U Hand vas. Herstel asb ons land. Vrywaar ons asb van opstokery, stakings en arbeidsonrus sodat elkeen wat gelukkig is om 'n werk en inkomste te hê, dit met entoesiasme sal oppas. Ons eer U as Oorwinnaar wat satan reeds verslaan het. Maak asb ook in ons land sy werk kragteloos.

5 Julie – Sa

Ons wil ons twee leraars aan U toevertrou. Rus hul toe met krag, ywer en Jesus se liefde. Laat hulle alleen deur U Gees gelei en beheer word. Dankie dat hulle ligdraers vir U is en brandend is vir ons Koning.

6 Julie – So

Bid vir Vakansiegangers in ons Gemeente, dat hulle hier 'n geestelike tuiste sal vind. Bid vir hul veiligheid en dat hulle ander vakansiegangers en inwoners hier in ag sal neem.

7 Julie – Ma

Ockert Potgieter (van die Oekraïne) se gesondheid het onlangs bietjie probleme gegee. Bid daarvoor en ook vir die groot werk wat hulle daar doen. Hulle het nou ook nie meer 'n gemeente wat hulle daar ondersteun nie en is geheel afhanklik van skenkings. Bid dat God in mense se harte sal werk om hul sakke oop te maak vir die nood in die Oekraïne.

8 Julie – Di

Here Jesus ons bid vir ons regering. Ons gebed is dat hulle vir U sal raaksien, dat hulle hul verlorenheid sonder U sal besef. Laat hulle asb voor U buig vir wysheid en insig om ons land só te regeer dat U die eer daarvoor sal ontvang. Maak hulle asb los van korrupsie en oneerlikheid. Maak hulle bewus daarvan dat hulle niks vir U kan wegsteek nie.

9 Julie – Wo

Verslawing aan pornografie word die nuwe dwelm genoem. Soveel mense word daaraan blootgestel deur die internet en ander bronne. *Vader, ons pleit by U om elkeen wat in pornografie vasgevang is, te verlos. Ons liggaam is 'n tempel van die Heilige Gees – laat ons dit nooit besoedel nie.*

10 Julie – Do

In 'n gesin vind ons sekuriteit, liefde en geborgenheid. Laat dit waar wees van elke gesin in Groot-Brak. Ons bid dat elke man die priester van sy huis sal wees, sal voorloop en sy gesin in liefde sal lei. Gee dat elke vrou aan haar man onderdanig sal wees soos aan die Here. Ons bid dat kinders respek vir volwassenes sal hê en gehoorsaam aan hulle ouers sal wees.

11 Julie – Vr

Tanya, hoof van ons kleuterskool in Reni (Oekraïne) is steeds af met kanker alhoewel die gewas geweldig gekrimp het. Ons vertrou ons Vader vir volkome genesing. Diana, 'n klein weerlose dogtertjie in ons kindersentrum se ouers drink en nou is haar mamma swanger en oorweeg 'n aborsie. Bid God se leiding in hierdie situasie.

12 Julie – Sa

Ons dra elke sieke aan U op. Maak elkeen bewus van U teenwoordigheid. Lê asb U Hand op elkeen wat pyn verduur. Dankie vir dokters en verpleegpersoneel wat omsien na siekes. Laat hulle asb met liefde en deernis optree.

13 Julie – So

Vandag bid ons vir bende-geteisterde gebiede. Soveel onskuldige mense ly en word doodgeskiet in bendegeweld. *Laat asb U vrede tussen bendes neerdaal. Laat hulle asb voor U die Vredevoers buig. Vernietig Usel asb die magstryd tussen bendes.*

14 Julie – Ma

In hierdie koue tyd dank ons U vir 'n huis waarin ons kan woon en 'n warm bed waarin ons kan slaap. Dankie vir al die voorregte wat ons in oorvloed van U ontvang. Maak asb ons harte en hande oop vir hulle wat minder bevoorreg is.

15 Julie – Di

Leer ons asb elke dag om soos Jesus te dink. Laat ons nederig wees, bereid om laag te buig en ander te dien. Laat ons mekaar liefhê soos wat U ons liefhet – onvoorwaardelik, sonder dat ons dit verdien. Maak ons onverskrokke gehoorsaam

aan U dat ons sal uitgaan en U Hande en Voete sal wees. Ons wil sout en lig vir U wees.

16 Julie – Wo

Ons bid vandag vir Christene wat in Moslemlande woon en in die tyd van Ramadaan (28 Junie – 27 Julie) verhoogde spanning ervaar. Ons bid vir beskerming, krag en wysheid en mag hulle elke dag Jesus se liefde utoeleef.

17 Julie – Do

Ons bid vandag vir ons Polisie diens. Dank God vir die wonderlike personeel wat in Groot-Brak se stasie dien. Bid dat elkeen sy/haar werk nie net sal sien as 'n manier om brood op die tafel te sit nie, maar as 'n roeping om Jesus se Koninkryk te dien.

18 Julie – Vr

Vader, ons bid dat gesinne hierdie wintervakansie optimaal sal benut om bande van liefde, respek en waardering hegter te smee. Wees in besonder met enkelouers wat U bystand en genade so nodig het.

19 Julie – Sa

Ons bid dat U, o Heilige Gees, ons leraar sal lei in sy voorbereiding van môre se Woordverkondiging. Laat dit wees dat ons waarlik sal weet: So sê die Here, Here!

20 Julie – So

Dankie dat ons vandag in vrede en vryheid U Huis mag besoek. Gee dat lidmate hierdie wonderlike geleentheid sal benut om saam met mede-gelowiges U te loof en te prys vir U liefde en genade. Ons bid vir elke gemeente en denominasie in Groot-Brak waar die Woord suiwer verkondig word. Laat U Naam vandag in waarheid geheilig word!

21 Julie – Ma

Skole Heropen. *Ons bid dat leerkragte en leerders met nuwe krag en ywer hierdie kwartaal se werksaamhede sal aanpak. Gee dat kategete en leerkragte kragte sal saamsnoer om ons jongmense se lewens te vorm tot U eer. Mag ouers ook hulle Doopbelofte getrou nakom.*

Bid vir Stéphan en Carina van der Watt van Missie Japan wat ons gemeente vandag om 16:00 in die kerksaal gaan ontmoet. Almal is welkom.

22 Julie – Di

Ons bid vir die Bybelstudie-groepleiers se vergadering. Mag hierdie byeenkoms leiers opnuut inspireer om die nuwe kwartaal met liefde en toewyding hulle allerbeste vir U en mede-lidmate te gee. Mag die Gees hulle die nodige wysheid, insig en krag gee om met nederigheid "voor te loop."

Bid vir die Kommissievergaderings van die Jeugebediening- en Erediensbediening vanaand.